

[Finale konsep: onderhewig aan wysiging tydens lewering; onder embargo tot dan]

**Universiteit Stellenbosch,
Vierde gradeplegtigheid, Maart 2018**

2018/03/22, 10:00, Coetzenburg Sentrum/Centre

**Fakulteit: Lettere en Sosiale Wetenskappe
Verwelkoming deur die voorsittende
beampte, prof Wim de Villiers,
Rektor en Visekanselier**

[Final draft; Embargoed until delivery; Subject to change during delivery]

**Stellenbosch University,
Fourth graduation ceremony, March 2018**

**Faculty: Arts and Social Sciences
Welcoming by the presiding officer,
Prof Wim de Villiers,
Rector and Vice-Chancellor**

Ladies and gentlemen, what a pleasure it is to preside over this graduation ceremony taking place in our Centenary year, which makes it a truly historic occasion.

Honderd jaar lank staan die Universiteit Stellenbosch en die dorp se stewige ou eike reeds sy aan sy. In dié tyd het die instelling tot een van die beste universiteite op die Afrikavasteland gegroei.

As we commemorate our Centenary this year, we celebrate great achievements and ground-breaking discoveries the past 100 years. We acknowledge everyone who helped to mould this institution. At the same time, the University has acknowledged its contribution to the injustices of the past and committed itself to redress and development.

Teen die agtergrond van waardevolle lesse uit ons komplekse geskiedenis, verteenwoordig ons Eeufees 'n nuwe begin vir die Universiteit Stellenbosch. Ons streef daarna om 'n relevante instelling te wees wat 'n kernrol in die ontwikkeling van ons nasie en ons vasteland speel. En ons is daartoe verbind om 'n samelewing van waardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid vir almal te help skep.

[Also see Rector's message in Graduation Programme: "You are part of a select group, because the University is commemorating its centenary this year. Starting out with four faculties, 503 students and 40 lecturing staff in 1918, SU today is home to 10 faculties, a dynamic community of more than 30 000 students and 3 000 staff members, spread over five campuses in the region."

Sien ook Rektor se boodskap in Gradeprogram: "Ons bedank almal wat hierdie instelling help vorm en sy reputasie as 'n wêreldklasakademiese instelling help vestig het. Terselfdertyd erken ons die Universiteit se bydrae tot die onregte van die verlede, waaroor ons diepe berou het. Ons vra onvoorwaardelik om verskoning aan diegene wat uitgesluit was van die historiese voorregte wat die US geniet het. Ons vereer ook die kritiese Matiestemme van daardie tyd, wat aanhou praat het al is hulle verstoot. En uit verantwoordelikheid teenoor huidige en toekomstige geslagte verbind die US hom tot die ideaal van 'n inklusiewe wêreldklasuniversiteit in en vir Afrika."

Our latest group of graduates exemplify what this University stands for – inclusivity, excellence and social impact.

By the end of this week's graduation ceremonies, and following those of December 2017, we will again have awarded a record number of qualifications for a single academic year – 9 032 qualifications in total, including 1 620 master's degrees and 305 PhDs. These are phenomenal numbers! Clearly, Stellenbosch University is making an invaluable contribution as a national asset.

Dames en here, ons nuwe graduandi vanoggend kom uit ons Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe – een van die vier fakulteite waarmee die Universiteit in 1918 tot stand gekom het. Die Fakulteit het 'n wye akademiese aanbod, soos u gaan sien aan die grade wat toegeken word. Ek lig slegs 'n enkele hoogtepunt uit, en dit is die baanbrekerswerk wat in die Nagraadse Skool vir voltydse doktorale studie gedoen word.

In our Centenary year, the Graduate School of Arts and Social Sciences in this Faculty is celebrating the milestone of having produced more than 100 PhD graduates (114 to be exact) since 2010, most of whom now work as researchers and academics at higher education institutions across our continent, thereby helping to stem the so-called “brain drain” from Africa. Well done, everyone!

Dames en here, 'n aansienlike persentasie van ons studente sou glad nie universiteit toe kon gekom het as hulle nie 'n beurs ontvang het nie, en baie studente het bykomde geldelike hulp nodig om hul studies te voltooi.

So, we welcome the recent announcement by the state that “fully subsidised, free higher education and training for poor and working-class South Africans” will be phased in. But we also know that the need is so great that additional bursary support will still be required. I therefore want to thank all donors helping us to provide opportunities to the next generation of talented students making an impact globally.

Dames en here, ons ken hierdie week meer eregrade as gewoonlik toe – 13 in totaal, versprei oor ses gradeplegtighede. Ons doen dit spesiaal vir ons Eeufees. Die ontvangers is almal gerekende denkleiers, nasionaal en internasionaal. Lees gerus meer oor hulle op die Universiteit se webblad, www.sun.ac.za

Recipients at this ceremony / Ontvangers by hierdie seremonie::

- Mr Max du Preez, principled and uncompromising journalist and independent commentator; en
- Me Sandra Prinsloo, legendariese aktrise, regisseur en kulturele aktivis

Ons eregraduandi vergestalt nie net die kenmerke van die gegradueerde wat ons by ons studente wil inskerp nie, maar ook die eienskappe waarmee ons instelling graag die toekoms wil aanpak nou dat ons die US se tweede eeu as 'n toonaangewende universiteit betree.

Ons gaan nou saam vorentoe ... masiye phambili ... forward together!

Aan al ons graduati, wil ek 'n hartlike woord van gelukwense rig met die verwerwing van julle kwalifikasies. Ons hoop dat dié kwalifikasie na verdere studie sal lei, na suksesvolle en vervullende loopbane, of 'n versterking van 'n bestaande loopbaan. Bly in verbinding met jou alma mater deur die alumniwebblad sodat jy uitnodigings na alumnibyeenkomste, elektroniese nuusbriewe en Matieland kan ontvang.

I also wish to congratulate parents, spouses, family and friends with the achievement of your graduate. In many an instance support probably went hand in hand with sacrifice, but we trust that the reason for your presence here today made it all worth while. Thank you.